REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**

**Overseas 30c Oorsee**

**POST FREE—POSVRY**

OL. 118] CAPE TOWN, 2 APRIL 1975

KAAPSTAD, 2 APRIL 1975 [No. 4644


## DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

o. 630. 2 April 1975.

It is hereby notified that the State President has assented the following Act which is hereby published for general formation:—

o. 20 of 1975: Provincial Powers Extension Amendment Act, 1975.

## DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 630. 2 April 1975.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 20 van 1975: Wysigingswet tot Uitbreiding van Provinsiale Bevoegdhede, 1975.

# ACT

**To amend the Provincial Powers Extension Act, 1960, so as to empower provincial councils to make ordinances relating to pensions also for dependants of members of a provincial council or an executive committee; and to provide for incidental matters.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 24 March 1975.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 42 of 1960, as amended by section 1 of Act 20 of 1970.

**1.** Section 1 of the Provincial Powers Extension Act, 1960 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A provincial council shall have power to make ordinances relating to pensions for members and the widows and dependants of members of a provincial council or any executive committee.".

Substitution of long title of Act 42 of 1960.

**2.** The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act:

"To empower provincial councils to make ordinances relating to pensions for members and the widows and dependants of members of a provincial council or an executive committee; and to provide for matters connected therewith.".

Short title.

**3.** This Act shall be called the Provincial Powers Extension Amendment Act, 1975.

# WET

**Tot wysiging van die Wet tot Uitbreiding van Provinsiale Bevoegdhede, 1960, ten einde aan provinsiale rade bevoegdheid te verleen om ordonnansies uit te vaardig met betrekking tot pensioene ook vir afhanklikes van lede van 'n provinsiale raad of 'n uitvoerende komitee; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 24 *Maart* 1975.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 42 van 1960, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 20 van 1970.**

**1.** Artikel 1 van die Wet tot Uitbreiding van Provinsiale Bevoegdhede, 1960 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) 'n Provinsiale raad is bevoeg om ordonnansies uit te vaardig met betrekking tot pensioene vir lede en die weduwees en afhanklikes van lede van 'n provinsiale raad of 'n uitvoerende komitee.".

**Vervanging van lang titel van Wet 42 van 1960.**

**2.** Die lang titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang:

„Om aan provinsiale rade bevoegdheid te verleen om ordonnansies uit te vaardig met betrekking tot pensioene vir lede en die weduwees en afhanklikes van lede van 'n provinsiale raad of 'n uitvoerende komitee; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.".

**Kort titel.**

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet tot Uitbreiding van Provinsiale Bevoegdhede, 1975.

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD., CAPE TOWN—B1072/14 600.
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS BPK., KAAPSTAD—B1072/14 600.